kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Nog iets ivm "innerlike krag": Gene, genade of oefening? Help dit regtig vir vuisvoosheid?**

**Skriflesing: Psalm 138 en Kolossense 2:6-8**

## Broodjies vir die pad

"Finding the center of strength within ourselves is in the long run the best contribution we can make to our fellow men. ... One person with indigenous inner strength exercises a great calming effect on panic among people around him. This is what our society needs — not new ideas and inventions; important as these are, and not geniuses and supermen, but persons who can "be", that is, persons who have a center of strength within themselves."
— Rollo May, Man's Search for Himself

"Recently a pilot was practicing high-speed maneuvers in a jet fighter. She turned the controls for what she thought was a steep ascent—and flew straight into the ground. She was unaware that she had been flying upside down. This is a parable of human existence in our times—not exactly that everyone is crashing, though there is enough of that—but most of us as individuals, and world society as a whole, live at high-speed, and often with no clue to whether we are flying upside down or right-side up. Indeed, we are haunted by a strong suspicion that there may be no difference—or at least that it is unknown or irrelevant."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life In God

"When we meet real tragedy in life, we can react in two ways--either by losing hope and falling into self-destructive habits, or by using the challenge to find our inner strength."
— Dalai Lama XIV

"Hard times build determination and inner strength. Through them we can also come to appreciate the uselessness of anger. Instead of getting angry nurture a deep caring and respect for troublemakers because by creating such trying circumstances they provide us with invaluable opportunities to practice tolerance and patience."
— Dalai Lama XIV

"The sparser the innate joy that springs from being alive, the more fervently we seek joy's pale substitute, pleasure; the less our inner strength, the greater our craving for power; the feebler our awareness of truth, the more desperate our search for certainty outside of ourselves. The greater the dread, the more vigorous the gravitational pull of the addiction process."
— Gabor Maté, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

**Visserman**

As die golwe breek
Op die wit sandland
En die see sy vis kom deel
Met die visserman in sy stukkende trui
Dank ons God dat hy sy kinders
Se magies vol kry
Terwyl Ma lag
Sonder 'n tand in die mond
Maar diep dankbaar
Vir die kos op die Weskusgrond

*Tommy Koekemoer*

"But if I am to let my life speak things I want to hear, things I would gladly tell others, I must also let it speak things I do not want to hear and would never tell anyone else! My life is not only about my strengths and virtues; it is also about my liabilities and my limits, my trespasses and my shadow. An inevitable though often ignored dimension of the quest for 'wholeness' is that we must embrace what we dislike or find shameful about ourselves as well as what we are confident and proud of."
— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

"The death rate in the week between Christmas, 1944, and New Year's, 1945, increased in camp beyond all previous experience. In his opinion, the explanation for this increase did not lie in the harder working conditions or the deterioration of our food supplies or a change of weather or new epidemics. It was simply that the majority of the prisoners had lived in the naïve hope that they would be home again by Christmas. As the time drew near and there was no encouraging news, the prisoners lost courage and disappointment overcame them. This had a dangerous influence on their powers of resistance and a great number of them died. As we said before, any attempt to restore a man's inner strength in the camp had first to succeed in showing him some future goal. Nietzsche's words, "He who has a why to live for can bear with almost any how," could be the guiding motto for all psychotherapeutic and psychohygienic efforts regarding prisoners."
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"[Jesus] matters because of what he brought and what he still brings to ordinary human beings, living their ordinary lives and coping daily with their surroundings. He promises wholeness for their lives. In sharing our weaknesses he gives us strength and and imparts through his companionship a life that has the quality of eternity." (Dallas Willard in Ruthless Trust - Brennan Manning)"
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life in God

### Wat weet enige Gautenger tog van vaseltjies?

*Wilhelm Jordaan*

Van die lekkerste en leersaamste strye is dié oor woordbetekenisse; woordewisselings dus. Só dat jy naderhand die onnutsige Hompie Kedompie se woorde teenoor Alice (in Alice in Wonderland) wil nasê: "Ek sal 'n woord laat beteken wat ék dit wil laat beteken."

Soos dit gebeur het toe my geliefde vir my met ratse handbewegings 'n hemp stryk en sê: "Hier is heelwat vaseltjies op jou hemp."

"Watse woord is dit? Daar is nie so woord nie.

"Dis mos rafeltjies," sê ek met groot stelligheid. "Nee, vaseltjies," sê sy. "Ken dit so van kinderdae af in die Sandveld. Dalk streektaal."

Taal, weet 'n mens, is vol streke en ek pluk my HAT (6de uitgawe, 2015) nader. Met 'n "v" of met 'n "f" vra ek, ter wille van duidelikheid. "V," sê sy. Ek slaan na. Geen teken van "vasel" nie.

Daar ís nie so woord nie. Raadpleeg die Groot Woordeboek van die Nederlandse Taal (Van Dale) wat my nog altyd ter wille was. Steeds geen vasel nie.

Wonder wat die taalmense soos Jana Luther en Fred Pheiffer van die WAT hiervan sal sê! Fred het mos nog onlangs geskryf woordeboeke vat lank om gemaak te word en Jana het 'n speelse spel met taal. "Miskien is vasel nog in die broeikas van standaardtaal, neologisties gesproke," tart ek.

Of is vasel 'n argaïsme ('n vergete, verouderde woord) wat, soos die taalmens Hennie van Coller nou die dag geskryf het, wag om weer "met skoon oë heraanskou" te word om opnuut 'n bekkige staanplekkie in die taal te kry. Intussen roep my praatmaat haar ganse Sandveld-familie op WhatsApp nader met die boodskap dat "Wilhelm wat van Gauteng af kom nie óns woord 'vasel' ken nie en dit is ook nie in sý HAT nie".

Toe sing die eenstemmige familiekoortjie: "Dit is faseltjie met 'n 'f' en is afgelei van rafeltjie, maar 'n faseltjie is kleiner as 'n rafeltjie – wanneer 'n mens by 'n venster staan en die son deur die ruit skyn, sien jy soms die faseltjies wat in die lug dryf; die stofdeeltjies of klein haartjies wat van 'n mens se klere of materiaal af kom.

"Maar wat sal 'n Gautenger nou weet. Hulle praat mos van kouse pleks van sokkies."

Nog een reken: "Dis baie duidelik die mense wat die HAT geskryf het is nie deur ons ouma se hande nie! Fasel was 'n spelwoord wat Oums vir my geleer het in st. 1. Ek onthou dit met 'n 'f'. So (in ietwat sterker taal) weg met daai mense . . . dis fasel! Die HAT van 1930, voor hulle nuwe HAT's gehad het, sê so!"

Toe kom nuwe insig uit die familie – 'n fotobewys van die woord "vasel" in die HAT van 1965 "en dit word ook so in mý blokraaiboek geskryf". Dié HAT sê die woord vasel beteken "draad, vesel, rafel". Maar daar is 'n "(w.g.)" agter die woord en dit beteken, triomfantlik vir 'n Gautenger, "weinig gebruik" – blykbaar net bedoel vir gebore en getoë Wes-Kapenaars.

So, wat sal 'n mens van al dié dinge sê? Vasel is 'n neologisme én 'n argaïsme – iets wat tegelyk verskyn en verdwyn? En jy maak daarmee soos met 'n geheim: Ontrafel dit!

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-wat-weet-enige-gautenger-tog-van-vaseltjies-20220713

## Brood vir die pad

### As jou lewe 4 000 weke lank is, wat doen jy daarmee?

*RRV*

In Thomas Cathcart en Daniel Klein se humoristiese boek Heidegger and a Hippo Walk Through Those Pearly Gates is daar die storie van die priester wat met groot erns vir sy gemeente uitwys dat die lewe kort is en dat die dood skielik kan kom. "Die kanse is goed," waarsku hy dan ook, "dat voordat nog 'n dag verby is iemand in hierdie gemeente kan sterf." Waarop 'n bejaarde Ierse vrou in die voorste ry hardop begin lag.

"Wat is so snaaks?" vra die priester geïrriteerd.

"Wel," antwoord die vrou, "ek is nie 'n lid van hierdie gemeente nie."

Dié grappie verwoord iets van hoe ons maklik in ontkenning leef oor die feit dat ons sterflik en ons lewensduur begrens is. Of soos Oliver Burkeman dit in die begin van sy boek Four Thousand Weeks: Time Management for Mortals (2021) stel: "The average human lifespan is absurdly, terrifyingly, insultingly short."

Burkeman wys daarop dat as 'n mens gelukkig is om tot 80-jarige ouderdom te leef, jy maar sowat 4 000 weke het.

Wat Burkeman veral interesseer is die wyse waarop die moderne samelewing se fokus op hoe ons tyd moet bestee die voor die hand liggende feit ignoreer dat die lewe kort en ons sterflik is. Die probleem is daarom nie dat ons tyd op aarde beperk is nie, maar dat ons dikwels met verwronge idees leef oor hoe ons die tyd tot ons beskikking moet vul.

In hierdie sin sluit Burkeman aan by die eerste-eeuse Romeinse filosoof Seneca se opstel "De Brevitate Vitae" ("Oor die kortstondigheid van die lewe"). Ons kla, skryf Seneca, dat die lewe so gou verbyvlieg, maar die eintlike krisis is nie dat die lewe kort is nie, maar dat ons die lewe kort maak deurdat ons die tyd wat aan ons gegun word maklik verkwis.

Daar is inderdaad groot wysheid in die gedagte dat ons bewus moet wees dat ons tyd beperk is en dat ons dit daarom reg moet benut. Die digter van Psalm 90 se gebed is gepas: "Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom."

Hiermee saam is 'n belangrike teenmiddel teen angs en vreugdeloosheid in die lig van die kortstondigheid van die lewe te vinde in die dankbare toeëiening van die unieke gawe van óns lewe.

Die aanhaling van Douglas Harding wat Burkeman as motto vir sy boek gebruik herinner dat ons meestal hiermee sukkel: "It's the very last thing, isn't it, we feel grateful for: having happened. You know, you needn't have happened. But you did happen."

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-as-jou-lewe-4-000-weke-lank-is-wat-doen-jy-daarmee-20220716

### Drink jou kinders ook uit die giftige put?

*Inge Kühne*

'n Geskiedenis-onderwyseres by 'n hoërskool in Johannesburg vertel die kinders in haar klas se algemene kennis raak al hoe vrotter.

Hulle is hiper-ingelig oor 'n paar onderwerpe waarin hulle intens belang stel – sê nou maar die Johnny Depp en Amber Heard-hofsaak of die agter-die-skerms-politiek van die Grand Prix – maar hulle het geen benul wat die belastingkoers is of waar die Drakensberge is nie.

Dit is die paradoks van die hedendaagse inligtingslandskap. Daar is soveel inligting tot ons beskikking dat jy oor enigiets 'n kenner kan word. Maar die kans is beter dat die ooraanbod van afleiding jou algemene kennis en jou vermoë om jou omgewing te verstaan, sal verskraal.

Om ’n goeie landsburger te wees, moet jy nie nét die dinge weet wat jy wil weet nie. Jy moet ook die “vervelige” feite ken – soos wanneer om jou belastingaanslag in te dien of watter soorte plastiek herwinbaar is.

Ek het verlede jaar vir ’n studie-projek navorsing gedoen oor waar middelklas- jong mense hul nuus kry. Die kort antwoord is hulle kry dit van sosiale media, meestal Instagram.

Instagram is ’n sosialemediaplatform waar mense foto’s en kort video’s met onderskrifte deel, beswaarlik die ideale plek om nuus met konteks oor te dra.

Een van die tieners verduidelik die Instagram-ervaring só: “Jy sien ’n foto wat jou aandag trek, dan klik jy op die skakel. En daar sal ’n onderskrif wees wat verduidelik wat in die foto of video is. As dit my boei, sal ek meer navorsing doen daaroor. Maar gewoonlik kry ek alles wat ek nodig het in daardie plasing . . . in daardie onderskrif.”

Nog een sê: “Ek leer baie deur sosiale media. Partykeer het ’n mens nie tyd om televisie te kyk of om nuus te kyk nie. Sosiale media sit dit in ’n opsomming en jy kan net dit lees en dan het jy ’n idee van wat aangaan . . . En ek hou van sosiale media.”

’n 18-jarige wie se media-dieet nog altyd ’n skemerkelkie-onthaal met skinkborde vol smulgoed was, het min behoefte aan ’n driegang-maaltyd gelaai met konteks.

En wat van fopnuus?

“Ek gaan op die internet, op Google, en ek soek die onderwerp. As ek sien daar is baie daaroor op Google, dan moet dit mos geloofwaardig wees,” verduidelik een van die jongelinge. ’n Ander se truuk is om te kyk of daar ’n video van die gebeurtenis is. As daar ’n video is, dan is dit mos waar, meen hy.

Agt uit tien van die tieners het gesê hulle sien nooit ’n gedrukte koerant nie. Die helfte luister radio-nuus in die motor op pad skool toe en drie uit tien sien gereeld die televisienuus wanneer hul ouers daarna kyk.

Verder is hulle aangewese op die algoritmes van sosiale media en die giere van hul vriende vir inligting oor die wêreld waarin hulle leef.

Joernaliste worstel al lank met die krimpende aptyt vir nuus te midde van al die afleiding wat die internet bied, maar die gevolge daarvan strek veel wyer as die kwellinge van media-eienaars.

Vir die demokrasie om te werk, moet kiesers behoorlik ingelig wees. Waar inligting ontbreek, gedy waninligting en populisme.

Die Amerikaanse maatskaplike sielkundige Jonathan Haidt vergelyk die hedendaagse openbare gesprek, wat grootliks op sosiale media plaasvind, met die Bybelse Babel. Pleks dat sosiale media ons in staat gestel het om mekaar beter te verstaan, het dit ons verder van mekaar af weggedryf.

“ ’n Demokrasie kan nie oorleef as sy dorpsplein ’n plek word waar mense te bang is om te praat nie en waar geen stabiele konsensus bereik kan word nie. Sosiale media het die verlinkses, die verregses, die trolle en buitelandse agente bemagtig en daarmee ’n stelsel geskep wat minder lyk na demokrasie en meer na oorheersing deur aggressie,” skryf hy onlangs in *The Atlantic*.

Dis uit hierdie put van verdeeldheid en skeefgetrekte waarhede wat ons kinders – die kiesers van die toekoms – drink.

Dit is al bewys dat ’n mens se nuusverbruik-gewoontes in jou jeug vasgelê word. Dit is daarom hoogs onwaarskynlik dat die jong mense van vandag skielik iewers in die toekoms oopkop-nuussoekers gaan word eerder as om toevallige ontvangers van nuus te bly.

Navorsers praat van die “nuus-sal-my-vind-persepsie”. Jy glo jy hoef nie aktief inligting te soek nie, want as dit interessant of belangrik genoeg is, sal dit een of ander tyd op jou selfoonskerm verskyn. Dit kom veral voor onder jong mense, sê hulle.

Mense wat só dink, is meer geneig om te onttrek aan die politiek en weg te bly van die stembus, wys die navorsing.

Waar media in die verlede mense ingelig het oor politiek en só deelname in demokratiese prosesse bevorder het, is sosiale media toenemend ’n hindernis vir die vloei van inligting.

As jy tot hier gelees het, is jy waarskynlik ouer as 30. En dit spel gevaar vir die demokrasie.

**Rapport 17 Julie 2022**

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/inge-kuhne-drink-jou-kinders-ook-uit-die-giftige-put-20220717

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877